

Yskas Waarhede

Vrees

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Waaroor voel jy op die oomblik bekommerd, beangs of vreesagtig?

Watter dinge vuur die emosie van vrees in jou lewe aan (bv. Nuus, koerant, sosiale media)? Verduidelik.

In die preek is genoem dat vrees verskillende uitwerkings het – *kweek ander vrees, vertroebel jou oordeel en kanaliseer ons energie in 'n ander rigting*. Watter een van hierdie uitwerkings het vrees al in jou lewe teweeg gebring, of watter ander uitwerking het vrees in jou lewe? Verduidelik.

Lees deur Matteus 4:35-5:20 en beantwoord die vrae:

Waarheen het Jesus gesê moet hulle gaan voor die storm getref het? Hoekom is dit belangrik om te onthou waarheen God wil hê ons moet gaan tydens ons storms?

Hoe dink jy moet ons dit interpreteer dat Jesus gelê en slaap het in die storm? Voel dit soms vir jou of Jesus slaap terwyl jy deur 'n storm gaan?

Wat voer Jesus aan is die rede vir hulle vrees in Matteus 4:40? Hoekom dink jy is dit die rede?

Op watter manier kom steel storms en vrees geloof in jou lewe?

Jesus was nie net op pad na die anderkant van die meer nie; Hy was op pad na iemand toe? Het jy al beleef dat wanneer jy deur 'n storm in jou lewe is dat God 'n afspraak met iemand aan die anderkant van jou storm het deur jou getuienis en die raad wat jy kan gee? Vertel vir die groep.

Lees 1 Petrus 5:7. Hoe gee ons ons bekommernisse vir God en los dit by Hom?

Lees Filippense 4:6. Drie dinge word genoem wat ons moet doen in plaas van bekommerd wees – skryf hul neer. Op watter manier kan jy hierdie drie dinge in jou lewe doen?

Vier stappe is in die preek genoem hoe om vrees in geloof om te skakel – 1) *Staan vas*, 2) *Herlei jou fokus na God*, 3) *Weerstaan leuens en* 4) *Vertrou God*. Op watter een van hierdie stappe moet jy meer fokus? Verduidelik.

In die preek is genoem dat Jesus sy bekommernisse met sy naaste vriende gedeel het. Watter bekommernisse kan jy met jou kleingroep deel sodat hulle vir jou kan bid?

Op watter manier kan jy hierdie week jou gedagtes op die beloftes, waarhede en karakter van God rig, eerder as jou bekommernisse? Hoe kan jou groep jou daarmee help?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.